



Transvaalse O.B. Sluit Aan By Kaapse Besluit

Hierdie vergadering van Ossewabrandwag-offisiere van Noord-Transvaal onderskryf die republikeinse en anti-Kommunistiese besluit van hul kamerade van Kaapland en wil nogeens beklemtoon dat die republikeinse strewe — en wel die strewe na die partylose republiek wat in ons eie volksgeskiedenis as inheemse instelling veranker is — met die konstitusionele ontwikkelings sedert 1926 allesins 'n kwessie van praktiese politieke beleid geword het. Die O.B. sal enige optrede in daardie rigting, ook dié wat van ander liggame uitgaan, verwelkom en ondersteun. Intussen gaan die O.B. op sy eie in daardie rigting voort. Aldus lui 'n besluit wat voorverlede week deur Noord-Transvaalse offisiere in Pretoria aangeneem is.

Wat die Kommunisme, en sy volksvernietigende implikasies betref, wil die O.B. daarop aandring dat die taak om die gevaar aan te pak in die eerste plek dié van die regering is. Die regering het geen reg of verskoning om te wag dat die volk, of organisasies wat nie die mag het nie, moet optree, terwyl die regering self passief (of byna pas-

sief) bly. En die O.B. voel dat dit heeltemal ongerymd is dat daar oor stappe teen die Kommunisme geredekawel word terwyl die uitgangspunt en hoofkwartier van hierdie euwel, nl. die Sowjet se Generaalkonsulaat onbelemmerd in ons land voort-werskaf. Hierdie kantoor, met sy buitengewoon talryke staf, gesetel in Goewermentslaan, Arcadia, Pretoria, is 'n blyk van die halfhartigheid waarmee hierdie sowel as die vorige regering 'n gevaar benader wat alle andere politieke gevare in die skadu stel.

Onderwysers Eis Burgerregte

Die Transvaalse Onderwysersvereniging het verlede week 'n besluit aangeneem waarin volledige burgerregte vir onderwysers geëis word. In 'n toespraak het die ondervoorster, mnr. A. J. Koen, gesê dat die verbod op deelname aan die politiek 'n skandale op die onderwysers is en hulle 'n gevoel van minderwaardigheid gee. Hulle wil ook die reg hê om as kandidate te staan vir die parlement, provinsiale raad en stadsrade sonder om vooraf eers te bedank uit hul beroep.

Partypolitiek Skep Onmin Tussen Afrikaners Sê Besoeker

Professor F. Alexander, professor van Inter-Statebonds-betrekkinge aan die universiteit van New South Wales in Australië, het homself verlede Dinsdagaand op Stellenbosch beskryf as 'n „baie goeie Australiese nasionalis.” Dit het hom getref dat daar 'n intiemer verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekende bevolkingsdele bestaan as wat hy verwag het. Die politieke verdeling in Suid-Afrika op rasselyne is derhalwe te betreur.

Daar bestaan geweldig baie bitterheid in Suid-Afrika, nie tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes nie, maar wel tussen Afrikaner en Afrikaner. Dit is vernaamlik die geval in die Vrystaat.

Suid-Afrika se partypolitiek is onwerklik, want in die private lewe, buitekant die partypolitiek heers daar merkbare eenstem-

migheid. Politici is skynbaar meer begaan oor die verkryging van mag as oor die uitvoering van beleid.

In Suid-Afrika baseer mense hul politieke standpunte op gevoel. Tog begin ekonomiese faktore 'n sterk rol te speel in Suid-Afrika en hierdie tendens behoort deur belanghebbendes noukeurig dopgehou te word.

BESLISTE TEKENS VAN OPLEWING IN TRANSVAAL

Besliste tekens van oplewing van die Ossewabrandwag in Transvaal is gerapporteer deur die Gebiedsleier, prof. H. M. van der Westhuysen, by geleentheid van 'n goedbygewoonde vergadering van offisiere en belangstellende lede van die Beweging in Noord-Transvaal (Gebied F) in Pretoria op Saterdag, 1 April. Onder andere was kapt. Slegtkamp (Hoofgeneraal), erelid van die Grootraad ook aanwesig om te getuig van sy trou aan die Ossewabrandwag. 'n Groot aantal kommando-eenhede was verteenwoordig.

Die vergadering is geopen onder voorsitterskap van die Gebiedsleier wat na sy verwelkoming van alle aanwesiges daarop gewys het dat daar besliste tekens van oplewing in verskillende dele van Transvaal is. Of dit toegeskryf moet word aan uitdarende toestande wat ontwikkel in die land en of dit 'n normale terugkeer is tot groter openbare aktiwiteit in die Ossewabrandwag as wat dit die geval was sedert sluiting van die bondgenootskap met die A.P., is moeilik om presies te bepaal. Nietemin is daar bewyse van tans groeiende aksie wat nie ontken kan word nie.

K.G. SE GESONDHEID

Namens die Beweging in Noord-Transvaal is groot waardering betuig vir die K.G. se aanwesigheid en is met leedwese verwys na sy gesondheidstoestand wat op die oomblik veel te wense oorlaat, moontlik

„EER U HELDE!”



Genl. Henri Slegtkamp.

Dr. Hans van Rensburg, kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, stuur onderstaande hulde aan kapt. Henri Slegtkamp (hoofgeneraal) by geleentheid van sy verjaardag.

'n Volk wat sy helde nie eer nie is of sonder helde of sy helde nie waardig nie. Ons wil vertrou dat geen van beide alternatiewe op die Afrikanerdom toepaslik is nie. Sekerlik nie op die Ossewabrandwag nie.

In die Anglo-Boere-oorlog is die slag van Spioenkop een van die toppunte van 'n driejarige epos gewees. En op 'n gegewe oomblik van krisis het drie man vir die Republiekeine die saak gered. Aldrie was in die buiteland gebore en het die Afrikanersaak as hul eie aanvaar en alles daarvoor veil gehad. Jack Hindon, Henri Slegtkamp en De Roos — van geboorte 'n Skot en twee Hollanders.

Hindon is oorlede en Slegtkamp en De Roos leef nog en wel is albei naby aan die Ossewabrandwag, waarvan Henri Slegtkamp 'n Hoofgeneraal is.

Sy verjaardag val op die 19e April en namens die Ossewabrandwag wil ons aan hierdie troue en onvermoeide heldefiguur Gods beste seën toewens en hom verseker nie net van ons hoë agting nie maar tevens van ons opregte dankbaarheid dat ons die eer het om hom as kameraad in ons geledere te tel.

Generaal, ons groet u in liefdevolle verering!

as gevolg van ooreising in die afgelope jare.

Die K.G. het 'n historiese oorsig gegee van die Beweging se ontwikkeling en die huidige situasie geskets sover dit saamgevat kan word in die grondgedagte, dat daar tans 'n netwerk van geharde veterane oor die hele land bestaan. Hulle sal doen wat daar voor die hand lê om te doen; onder andere sonder afwyking voortgaan met kweking van die republikeinse gedagte en met protes teen alles wat volkskadelik vir die Afrikanernasie is. Etlike aanwesiges het vroeë oor belangrike aspekte gestel.

BESLUIT GENEEM

Na die K.G. se toespraak is deur die Gebiedsleier kortliks aan die vergadering voorgedra die besluite van die Kaaplandse offisiere by geleentheid van hulle jongste vergadering in Kaapstad. 'n Besluit in hier voege is ook deur die vergadering aangeneem.

Op 'n later stadium is sake van meer intieme en huishoudelike aard met die offisiere behandel deur die Gebiedsleier, met mnr. K. Behrens (Hoofgeneraal) in die voorsitterstoel. Uit besprekings het 'n heel lewendige situasie ontwikkel waaruit sonder twyfel nuwe ondernemingsgees gestraal het. Die Voorsitter het baie bygedra om die aanwesiges te lei tot praktiese besluite.

Offisiere Trek Saam In Pretoria

In Noord-Transvaal is daar nog oral lewende kommando's waar offisiere en brandwagte vir O.B.-doeleindes saamgetrek word. Daarbenewens het die hoofkwartier die stelsel van gesinsydraes ingevoer waarvolgens individuele huisgesinne reg-



Prof. Van der Westhuysen.

streeks aan die hoofkwartier jaarliks bydraes lewer. By die 1400 huisgesinne is op hierdie wyse ingeskakel.

Die geloof in ons saak vir volkswyheid en hegte samenwerking met behoud van identiteit is hier vandag 'n onblusbare vlam. — (Deur 'n spesiale korrespondent).

DR. VERWOERD OOR REPUBLIEK

Die beleid van die Nasionale Party sal uitgevoer moet word as Suid-Afrika gered moet word, het sen. dr. H. F. Verwoerd, leier van die H.N.P. in die Senaat, aan 'n gehoor in Pretoria gesê, berig die Transvaler.

Hierdie beleid is dat natuurlike verteenwoordiging afgeskaf moet word soos die Indiërvertteenwoordiging wat deur die Smutsbewind daargestel is, afgeskaf is. Die kleurlinge moet op 'n aparte kieserslys geplaas word en moet drie verteenwoordigers in die Volksraad kry. Ten einde te sorg dat hulle nie die ewewig van mag in hande kan kry, moet hulle beperk word deur nie vir vroue- of wantrouemosies of vir oorlogsdeelname te kan stem nie.

Dit is die geformuleerde en gepubliseerde beleid van die Nasionale Party reeds van voor die algemene verkiesing af, het dr. Verwoerd gesê.

Die Afrikanerparty is dit nog nie eens met ons oor presies wanneer en hoe maatreëls ingevoer moet word nie, het spreker vervol.

„Oor die afskaffing van natuurlike verteenwoordiging is daar nog nie finaal gereël tussen die twee partye nie. Die Afrikanerparty stem saam dat die Kleurlingkiezers op 'n aparte lys geplaas moet word, maar hulle wil verteenwoordiging volgens 'n kwota gee.”

Voortgaande het dr. Verwoerd gesê: „Dr. Van Rensburg het na-

mens die Ossewabrandwag gesê dat die Nasionale Party sy republikeinse idees kwyt raak. Dit is nie reg nie. Ons wil hom gerusstel. U kan aan geen Nasionale Party in Transvaal, die Vrystaat, Kaapland of Natal dink wat nie republikeinsgesind is nie.”

Die vryheidstewe van die Nasionale Regering gaan verder as republiekwording, het hy bygevoeg. Ons moet vry en onafhanklik word, maar moet nog iets meer wees. Sy vryhede moet nie ingekort word deur die wêreld daarbuite nie. Die republiekwording is noodsaaklik nie net om sentimentele redes nie, maar ook om die eenheid en krag van die Volk. As daardie eenheid bereik is sal die rassestryd opgelos word, aldus dr. Verwoerd.

Geen Sopies Vir Indiërs Meer

Die derde Indiese staat, met 'n bevolking van byna 'n kwart van Indië, het verlede week „droog” geword toe die saamgestelde staat van Saurasjstra algehele afskaffing van drank in werking laat tree het. Madras en Bombaai is die ander twee state wat in die jongste tyd 'n verbod op drank geplaas het.

DIE O.B., WOENSDAG, 12 APRIL 1950

WANNEER BEGIN 'N MODERNE OORLOG?

In ons land is daar van die kant van sowel liggame as individue wat briewe skryf in die regeringspers, 'n aandrang dat die Russiese konsulaat gesluit moet word. Behalwe dat min. Eric Louw by herhaling beklemtoon het dat die Russiese konsulaat die hoofkwartier vorm van 'n rooi ondergrondse veldtog in Suidelike Afrika, het, sover ons kan onthou, nog geen aanduiding van regeringskant gekom dat stappe gedoen word om die konsulaat herroep te kry nie. Intendeel, uit private gesprekke wil dit blyk asof die regering heeltemal terugdeins vir so 'n stap. Een van die verskonings is glo dat 'n herroeping van die konsulaat gelyk staan aan 'n oorlogsverklaring. Dit is natuurlik geheel en al 'n oordrewe stelling. Verskeie Suid-Amerikaanse republieke wat te doen gehad het met Kommunistiese opruiing het die Russiese diplomate in die pad gestee met die enigste gevolg dat daar groter rus en vrede in hul landgebied gekom het.

VEROUDERDE KODE

'n Dekade of wat gelede was daar 'n sekere internasionale kode van gedrag gangbaar waaraan state hulle met pynlike nougesetheit probeer hou het. Selfs 'n geringe verbreking van hierdie kode kon soms tot groot spanning tussen die state lei. Deel van hierdie kode was 'n liggeeraaktheid en 'n dienoreenkomstige oordrewe versigtigheid, asook die reël dat tot geen wapengeweld tussen state oorgegaan sal word sonder 'n formaliteit wat genoem is 'n „oorlogsverklaring” nie. Sedert Ernest Bevin en Vishinsky mekaar in die V.V.O.-raadsale in vakbondtaal in die hare gevlieg het, en sedert die begin van die jongste wêreldoorlog met sy blitsaanvalle sonder waarskuwing, het baie weinig oorgebly van die eertydse diplomatieke kode. Trouens, daar word oral gepraat van 'n koue oorlog tussen Rusland en die Weste ondanks die handhawing van „normale betrekkinge”.

Vir die Westerse lande om in sulke omstandighede te bly vaskleef aan 'n verouderde stel formaliteite is soos 'n soldaat wat in 'n middeleeuse harnas aan 'n moderne tenk-oerlog wil deelneem. En vir Suid-Afrika om met die Russiese diplomate, wetende dat hulle die hoofkwartier van 'n „koue oorlog” agter jou grense is, opgeskeep te sit uit vrees dat 'n versoek om herroeping 'n ondiplomatieke daad sal wees „gelykstaande aan 'n oorlogsverklaring”, is soos 'n apteker wat met gerustheid volle teue uit 'n giffles neem omdat hy nog nie die etiket „VERGIJF” daarop aangebring het nie.

OORLOGSVERKLARING IS DAAR

Die Kommuniste voer oorlog teen elke beskaafde staat sedert die „oorlogsverklaring” van Karl Marx. Dit is die uiterste dwaasheid om nog met geordende soldate te sit en wag op 'n formele oorlogsverklaring onderwyl Moskou besig is om die een loopgraaf na die ander te verower met 'n vyfde kolonnermag. Dit is soos die stommerik wat 'n sadis aangesien het vir die dokter en hom toegelaat het om op sy kind te „opereer”. Toe hy bemerk dat die kop reeds af is, en woedend wil storm, het die versekering van die „dokter” dat dit deel van die operasie is, die berustende antwoord uitgelok. „O, ek dag jy vermoor hom.”

Die verskil is net dat ons nie stommerikke is nie en wel weet dat dit moord is. Ongelukkig deins ons terug uit agting vir die „operasietafel” waarop die moord gepleeg word. Maar hierdie agting vir 'n instelling sal die verlies van die stryd geensins versoet nie. Intendeel die selfverwyt sal so skerp wees dat die voorbode daarvan mens nou reeds teenwalm. Tussen hierdie voorbode en die feit van 'n nederlaag staan vandag nog die mag om op te tree. Die regering wat daardie mag het en dit nie gebruik nie weens die handhawing van verouderde denkbeelde oor internasionale gedrag, neem 'n sware verantwoordelikheid op hom.

ONDUIDELIKHEID OOR ERSATZ-REPUBLIEK

Senator dr. Hendrik Verwoerd, die leier van die H.N.P. in die senaat, het verlede week op 'n vergadering in Pretoria probeer om die „Ossewabrandwag gerus te stel” ten aansien van sy party se republikeinse strewe deur te verseker dat die H.N.P. nie sy republikeinse idees kwytraak nie en dat aan geen nasionale party in Transvaal, Kaapland, Vrystaat of Natal gedink kan word wat nie republikeinsgesind is nie.

Hoewel dr. Verwoerd versekerings oor sy party se republikeinsgesindheid aan die Ossewabrandwag voorgelê het, moet ons tog verduidelik dat sy versekerings ongelukkig heeltemal onvoldoende is.

Sedert dr. D. F. Malan verlede jaar uit Londen teruggekeer het, het die republiek net soos botter ook sy

(Vervolg in volgende kolom)

Brief Aan My Partyvriend:

Wanneer Ek Vir Smuts Stem As President

Geagte Vriend,

Jy skryf dat jy dit 'n baie oulike gedagte vind om die goewerneur-generaal deur die volk te laat kies en hom dan president te noem. So 'n stap sal die anti-republikeine mak maak vir die idee van 'n republiek en uiteindelik kan ons dan volkome breek met die Britse konneksie.

Wel, soos jy dit stel, wil dit my voorkom of jy darem nog nie jou republikeinse ideaal verloor het nie. Solank 'n mens nog vashou aan jou einddoel is dit heeltemal geoorloof om oor die metode ter bereiking daarvan te verskil. Daarom kan ek dan ook heelwat agting hê vir jul Transvaalse leier wat, hoewel hy berus by die huidige standpunt van jul party, naamlik om 'n republiek binne die Britse Statebond te kry, nogtans openlik aan die wêreld sê dat dit nog nie die einddoel van die strewe is nie. As ons oor die einddoel eens is, kan ons met kalmte verskil oor die metode en mekaar sonder bitterheid wys op die gevare. Maar ongelukkig is dit nie die houding wat jul hoofleier inneem nie. Hy praat niks van 'n verdere republikeinse strewe nie, en sê uitdruklik dat daar vir Suid-Afrika nog net die een stap op die pad na volkome vryheid is, naamlik die herdoping van die goewerneur-generaal na president.

(Vervolg van vorige kolom)

kunsmatige teenhanger gekry.

Daar bestaan voort in Suid-Afrika die ou strewe na die egte republiek — die republiek wat ontstaan buitekant die Britse Empire en nadat die Britse konneksie geknip is. Maar dr. Malan het ook 'n nuwe strewe uit Londen saamgebring: die strewe na die onegte republiek — binnekan die Britse Empire en met behoud van die Britse konneksie.

Wanneer die O.B. praat van republikeinse idees kwytraak, bedoel hy dat die H.N.P. nou nie alleen strewe na 'n onegte republiek nie, maar, ooreenkomstig die Eerste Minister se verklarings, dit selfs ook kunsmatig wil verkry deur eenvoudig 'n benaming „goewerneur-generaal” te verander na „president”.

Indien die verslag van dr. Verwoerd se toespraak, wat in Die Transvaler verskyn het, volledig is, dan het hy niks gesê oor hierdie strewe na 'n onegte republiek nie en ook niks oor die kunsmatige republiekwording wat sy leiers tans beoog nie. Derhalwe is dr. Verwoerd se versekerings in sover dit die hele H.N.P. betref, heeltemal onvoldoende.

Ons wil egter toegee en erken dat sommige H.N.P.-leiers in alle opregtheid strewe na 'n republiek buitekant die Empire en sonder die Britse konneksie. Hoewel hulle nog nie, soos die O.B., na die republikeinse staatstelsel strewe nie, waardeur ons tog die feit dat hulle 'n egte republikeinse staatsvorm nastreef.

Van ganser harte wens die O.B. dat hierdie leiers se standpunt in hul party sal seëvier.

GEVAARLIK

En soos ek tevore reeds gesê het, dit is uiters gevaarlik vir die republikeinse strewe om mense wys te maak dat jy 'n eindpaal bereik het terwyl dit nie die geval is nie. Ons het telkenmale sterk kragte op die wyse verloor omdat mense geglo het dat die ideaal bereik is. Eers die Smuts- en Botha-volgelingen wat sedert 1907 geglo het dat Suid-Afrika onafhanklik geword het, en toe weer na 1926 Nasionaliste wat geglo het dat ons nou groter vryheid ontvang het as wat die Republike oor beskik het. Elke keer is die republikeine wat nog verder wou gaan beskou as saboteurs van die ware vryheid en daar het nog groter verdeeldheid tot voordeel van Britse imperialisme gekom.

GEBONDE

Maar jy noem ook iets waarop ek verder wil ingaan. Jy sê dat dr. Malan se plan om die goewerneur-generaal president te noem en sodoende 'n republiek binne die Empire tot stand te bring, grootliks gebore is uit sy gebondenheid aan sy woord teenoor die Engelssprekendes dat hy nie tydens sy bewind 'n republiek sal uitroep nie. Wat hy nou wil doen, aldus jou redenasie, is om sonder dat hy sy woord breek tog in die praktyk 'n verandering teweeg te bring wat ons vir alle praktiese doeleindes 'n republiek maak. Miskien het jy teen hierdie tyd al die weerspreking in jou stelling opgemerk: aan die eenkant jou erkenning dat ons nog nie ons ideaal volkome bereik het ná so 'n stap nie, en aan die anderkant jou geloof dat jy prakties 'n republiek sal hê. Hierdie teenstrydigheid skryf ek toe aan onduidelikheid oor wat ons onder republiek verstaan, en daarom wil ek iets daaromtrent sê.

RUBBERSTEMPEL

As ons praat van 'n republiek, bedoel ons eerstens 'n staat met 'n eie Suid-Afrikaanse staatshoof wat ons president sal noem. Hierdie hoof moet meer wees as net 'n verteenwoordiger van die Britse koning, en al sou ons sê dat as die volk hom kies, hy dan eintlik die verteenwoordiger van die volk en nie van die koning is nie, soos dr. Malan aanvoer, dan is dit nog nie genoeg nie.

Wat doen die goewerneur-generaal vandag? Hy maak eenmaal in die jaar sy verskyning in die parlement wanneer hy 'n lys van voorgestelde wetgewing aan die parlement voorlees soos dit vir hom opgestel is deur die Eerste Minister. Vir die res van die jaar hou hy hom besig met hoeksteenleggings, opening van tentoonstellings, handskudding met besoekende krieket- op voetbalspelers en die onthaal by tye van een of meer hooggeplaastes. Ek kan nie eintlik aan meer werksaamhede dink behalwe dat hy nog sy handtekening onder aan voltooide wette wat deur die parlement geloods is, moet plaas nie.

ONSKADELIK

'n Minder vrugbare of selfs skadelike amp in die openbare lewe is nouliks denkbaar, en vir hierdie beuselagtighede betaal die Unie ongeveer £30,000 per jaar.

Geen wonder nie dat iemand by geleentheid gesê het dat mens 'n rubberstempel vir 5/6 kan koop wat dieselfde werk kan doen.

Republiek Sonder 'n Verandering Van Stelsel

STEM VIR SMUTS

Miskien is dr. Malan nie so dom as wat dit vir ons republikeine lyk nie. Dit wil my mos voorkom of hy dalk werklik 'n baie oulike plan in die skild voer. En as hy dit nie doen nie, dan wil ek dit nou vir hom aan die hand doen. As hy daartoe oorgaan om die goewerneur-generaal te laat kies deur die volk onder die benaming president, dan wil ek voorstel dat ons almal soos een man vir genl. Smuts kies as goewerneur-generaal-president. Genl. Smuts sal baie minder skadelik vir Suid-Afrika in hierdie pos wees as wat hy vandag as opposisie-leier is. Dan sal genl. Smuts se mond gesnoer wees en hy sal nie meer die land kan swartsmeer en op horings jaag nie. Hy sal ons land dan ook nie meer diensbaar aan Britse belange kan stel nie, en wat meer is, hy sal nie weer aan bewind kan kom as die opposisie weer die meerderheid by die stembus behaal nie.

OULIKE PLAN

Dink jy nie self dit is 'n baie oulike plan om genl. Smuts gelikwider te kry nie? Ek sien al hoe ons volk voortaan, as dr. Malan sy Empire-republiek bring, 'n groot verkiesingstryd sal voer waarin elkeen sy kwaaieste teenstander as kandidaat stel vir die presidentskap. Die Engelse sal dan vir dr. Malan of mnr. Strydom of die O.B.-leier voorstel as president en vir hom veg dat die hare so waai, terwyl ons weer sal veg om genl. Smuts tot president verkies te kry. Die kant wat wen, is dan seker dat sy kwaaieste vyand minstens vir vyf jaar in die koelkas weggebêre is. In hierdie stryd sal ons dan genl. Smuts se goeie hoedanighede wyd en syd verkondig en die Engelse sal weer dr. Malan, mnr. Strydom of die O.B.-leier se goeie hoedanighede roem. En wie weet, dalk kom daar op die wyse weer 'n einde aan die partypolitieke moddergooiery.

DAARVOOR TE VINDE

Dink jy nie dit is 'n uitstekende plan om die partypolitiek te vernietig nie? Sou dit dalk dr. Malan se plan wees? Dan beskou ek hom as 'n man met 'n baie ver toekomstig, 'n man van staatkundige formaat soos ons in jare nie geken het nie. Vir so 'n „voorlopige republikeinse stap” is ek heeltemal te vinde. Dit sal dan die een groot euwel van die Britse stelsel — die partypolitiek likwider.

BEROERING OOR RUBBERSTEMPEL

Maar jy sal my eers moet oortuig dat dit die eintlike oogmerk van dr. Malan is. Solank ek meen dat hy 'n goeie Afrikaner tot goewerneur-generaal-president wil laat verkies, sal ek nie daarvoor te vinde wees nie. Dan sê ek nee, moenie laat ons die volk met nog 'n soort verkiesing in beroering bring om niks anders as 'n windeier nie. Ons het reeds genoeg verkiesingswoede met die parlementêre en provinsiale verkiesings — en nou ook al stadsverkiezings — dat ons nie die volk kan laat opsweep terwille van die aanwysing van 'n rubberstempel nie.

Ek skryf volgende keer oor hierdie saak verder.

Ander Se Menings

H.N.P.-BLAD EIS FERME OPTREDE TEEN ROOIES

In 'n kwaai hoofartikel het Die Transvaler verlede week by die regering aangedring op ferme en vasberade optrede teen die kommuniste. Die blad voer aan:

„Die samestelling en die bedreiging van die liberalistiese kommunistiese front in Suid-Afrika is waarskynlik nog nooit so skokkend duidelik ten toon gestel as tydens die sogenaamde „verdedig die vrye spraak-konvensie“ van jl. Sondag, 26 Maart, in Johannesburg nie. Die Transvaalse Indiërkongres, die African National Congress en die African Peoples' Organisation het die nie-blankes saamgesnoer in een van die opstrewendste demonstrasies wat die land nog beleef het. Die politieke band is deur die Kommunistiese Party gelê.

„Daar kan immers geen onsekerheid bestaan oor die uitkomst van oploep en konvensies soos dié van Sondag nie. Met hulle voorgestelde „vryheidsdag“ op 1 Mei, en met hul aandrang op stemreg en verteenwoordiging vir „alle seksies“ stuur die nie-blankes wat nie verder as hul neus kan sien nie, en die blankes wat wel verder kan sien, maar desondanks sulke verregaande eise steun, op botsing af, en miskien selfs op 'n bloedbad.

STAAT SE PLIG

„Hoeseer hierdie verdwaasde mense ook mag protesteer teen „onderdrukking“, dis die plig van die Staat om ferm op te tree wanneer hulle die veiligheid van die land in gevaar bring. Deur rassegevoelens op te rui.

„Die Regering het dit nodig geag om persone soos Kahn en Dadoo te belet om openbare vergaderings op sekere plekke toe te spreek. Nou verskyn hulle egter — in die geval van Kahn herhaaldelik — op sogenaamde „geslote“ byeenkomste. In hierdie geval was dit 'n konferensie wat deur 528 afgevaardigdes, verteenwoordigende meer as 1,000,000 lede, bygewoon is. Kring hul gevreesde opswepery langs hierdie omweg nie baie verder uit as wanneer hulle 'n kleiner getal persone regstreeks in die openbaar sou toespreek nie? As dit waar is, dan is Kahn en Dadoo besig om die verbod op hulle tot 'n aanfluiting te maak.

VASBERADENHEID

„In hierdie ontstellende omstandighede is die hoop gevestig op die wetgewing teen Kommunistiese bedrywighede wat vir die huidige sitting belooft is. Maar die vraag rys al hoe aandringer of optrede teen die Kommuniste alleen doeltreffend sal wees teen die monster van ontevredenheid en agitatie wat al hoe luider grom en al hoe skerpsinniger skuiwergate vind. „Daar rus 'n taak op die Regering wat nie minder oorleg as vasberadenheid vereis nie.”

„Sappe“ Wen In Bloemfontein!

'n Sap- sowel as 'n Nat-kolomskrywer het verlede week kommentaar gelewer op die uitslag van die munisipale verkiesing in Bloemfontein. In die Suiderstem het Ettiëne Malan gekraai: „Uitgeskop!

„Daar trek die Nattes uit Bloemfontein se stadsraad!

„Op Dinsdag was daar 'n verkiesing van vier stadsraadslede in Bloemfontein. Daar was nege kandidate — vyf onafhank-

likes en vier verteenwoordigers van die sogenaamde „Aksie-komitee.”

„Die Onafhanklikes het die Aksiekomitee met duisende stemme uitgestof. Vier Onafhanklikes is verkies en nie een enkele lid van die Aksiekomitee nie. Voor die verkiesing het die Aksiekomitee nog die stadsraad beheer. Nou is hulle uit!

„Dit was 'n pragtige oorwinning!

„Ons wens die Onafhanklikes, wie se platform was „Geen politiek in die stadsraad nie“, van harte geluk.

„Die H.N.P. van Bloemfontein het voor die verkiesing die Onafhanklikes beskuldig van bedekte Verenigde Party-kandidate te wees. Dit is onwaar. Maar indien dit waar is, dan moet die Nattes van Bloemfontein mos nou erken dat die Smelters hulle 'n afgedankste pak slaë gegee het!

„Die „Aksiekomitee“ wat verloor het, is uit-en-uit nat. Hulle het hul party-organiseerders en hul partykantoor ingespan om agter die skerms met die verkiesing te help.

„Ai — en het hulle 'n lekker pak slaë gekry!”

In Die Volksblad het „Willem“ ruiterslik erken:

„Dit help nou nie om doekies daarom te draai nie. Die Sappe van Bloemfontein het in die stadsraadsverkiesing 'n groot oorwinning behaal. Feit is dat hulle hul stemkrag kon monster en dit op die sogenaamde onafhanklikes kon verenig.

„En terwyl hulle daarmee besig was, het baie van die Aksiekomitee se ondersteuners houtgerus by die huis gesit. Daar is honderde wat nie gaan stem het nie. Sommige het selfs die Sap-propaganda vir soetkoek opgeëet en gedink dat die Verenigde Party nie agter die hele veldtog sit nie. Miskien weet hulle nou beter nadat hulle gesien het wat veldm. Smuts oor die saak te sê het. Die Sap-propagandiste in Bloemfontein skop nog stofwolke oor „onafhanklikheid“ op, maar veldm. Smuts sê sommer die waarheid kaalkop: Die Verenigde Party het gewen in Bloemfontein!”

Wat Is Wat Omtrent Die Republiek?

„Vir die tweede keer hierdie jaar het dr. Malan dit nodig gevind om aan 'n plattelandse gehoor te verduidelik hoedat die Unie 'n republiek kan word deur net die Goewerneur-generaal deur die volk te laat kies en hom President pleks van Goewerneur-generaal te laat noem”, skryf Die Suiderstem.

„Dr. Malan verklaar dat sy voorgestelde planne die „laaste stap“ tot 'n republiek is. Maar die hele land weet dat mnre. Strydom en Swart glad nie met die Eerste Minister hieroor saamstem nie. Dr. Malan beoog 'n republiek soos Indië binne die Statebond. Mnre. Strydom en Swart van hul kant het pas 'n jaar gelede baie duidelik in die Parlement gesê dat hulle 'n republiek buite die Statebond wil hê. Vir hulle is die vervanging van die Goewerneur-

generaal deur 'n gekose President nog lank nie die „laaste stap“ nie. Vir hulle is dit maar die begin van dinge, en aangesien mnre. Strydom en Swart die meerderheid in die H.N.P.-kous het, sal die volk graag wil weet of die Eerste Minister se versekerings van „die laaste stap“ enige gewig dra.

„Dit is hoog tyd dat die Regering en veral die Eerste Minister die volk duidelik en onomwonde oor die hele ingewikkelde vraagstuk inlig”, versoek die blad.

„TREF ARM MAN”

„Min. Sauer se Spoorwegbegroting het die land geskok”, skryf Forward. „Die verhoging van tariewe en reisgeld met 10% raak almal, maar hoofsaaklik is dit 'n las wat swaar sal druk op die arm man.”

„Die jaarlikse vakansie by die kus wat gebruiklik geword het vir mense wat in die binneland woon, word 'n baie duur affêre. Die ryk mense, wat per motor reis, hoef net trippens per gelding meer te betaal vir petrol — en hulle is maklik in staat om dit te doen. Maar die werkers, wat meestal nie motors besit nie, sal die addisionele 10% treingeld vir hulself en hul families moet betaal. Gevolglik word die reisgeld-verhoging 'n direkte belasting op die werkers en vernameklik op die gesinshoof — wat dit die minste kan bekostig. Daar is geen verhoging van die reisgeld vir vliegtuigritte nie. Maar dis die ryk mense wat die vliegtuie gebruik, en dit is oënskynlik die beleid van die Spoorweë, sowel as van die regering in die algemeen om die kleinste las te lê op diegene wat die meeste kan betaal.”

Dubbel Meer Wol Verkoop As Verwag

Die eerste stadium van die private samesprekings tussen Suid-Afrika, Australië, Nu-Seeland en Brittanje oor die toekoms van die Wolafsetorganisasie — die gesamentlike organisasie wat deur die vier regerings gestig is vir die ordelike afset van die wolskeersels wat gedurende die oorlog opgehoop het — is afgehandel.

Verteenwoordigers van die vier lande sal verslag doen aan hul regerings met die doel om amptelike goedkeuring vir aanbevelinge met betrekking tot die finale beredding van die organisasie te verkry, sowel as vir die stigting van 'n bemerkingsliggaam as opvolger, ten einde 'n stabiele mark met voordele vir die fabrikante en die wolproducente te verkry.

Die voorrade van die gesamentlike organisasie is byna uitgeput ten gevolge van die groot wêreldvraag na wol, vyf jaar voordat verwag is dat sy taak voltooi sou wees.

MILJOENE PONDE

In 1945 toe die afsetorganisasie gestig is, was daar 'n opgehoopte wolvorraad van byna elf miljoen bale en die verwagting was dat dit tien jaar sou duur voordat alles van die hand gesit sou kon word. Dit lyk tans of daar teen Junie niks meer oor sal wees nie.

Onder die sake waaroor die vier lande moet ooreenkom, is die kwessie van die behoorlike verdeling van die aansienlike oorskot, wat miljoene ponde be- loop. Die organisasie het sy voorrade op 'n steeds stygende mark verkoop.

Australië, Suid-Afrika en Nu-Seeland is ten gunste van 'n bemarkingsorganisasie geskoei op die lees van die gesamentlike organisasie, met beskerming van reserwepryse.

Brittanje, as die grootste koper, is glo ten gunste van die gewone stelsel van veilings, met pryse op die grondslag van vraag en aanbod.

Skeiding In V.S.A.

Vasberade pogings om die suidelike state van Noord-Amerika af te dwing van hul segregasie-beleid ten opsigte van negers word in die jongste tyd deur die Amerikaanse regering gedoen. Die jongste geval staan in verband met segregasie op treine. 'n Neger het 'n hofsak begin teen die feit dat hy beperk is tot 'n bepaalde deel van die trein se eetsalon, en hy is deur die prokureur-generaal ondersteun. Laasgenoemde het by die aanvang van die verhoor gesê: „Min dinge is so vernederend en opruiend as om gemerk te word as iemand wat nie geskik is om met ander om te gaan nie.”


In meeste Amerikaanse state wat die segregasiebeleid toepas, geld die skeiding sowel blank as nie-blank, sodat daar dus eintlik nie sprake kan wees van 'n merking as ongeskikte nie.

Die beleid van die suidelike state is dat daar afsonderlike en gelyke geriewe vir negers moet wees, maar die prokureur-generaal het aangevoer dat sulke diskriminasie op sigself 'n vorm van ongelykheid is.

Duitse Motor Uit Unie-Fabriek

Die Duitse Opel-motorkar sal voortaan in die Unie deur General Motors aanmekeer gesit word. Die eerste een word reeds aanstaande maand verwag. Hierdie Opels is groter as die vooroorlogse Duitse produkte, en kan 60 perdekrug ontwikkel.

Die Opel-fabriek in die Amerikaanse besittingsgebied van Duitsland is deur die Amerikaners toegelaat om weer aan te gaan, sodat onderdele van die motors in Suid-Afrika van Duitsland af ingevoer sal word.



BEROEMD en WELBEKEND
oor die 66 jaar vir
BESTE WAARDE

in
KLAVIERE
VLEUELKLAVIERE
HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte **MUSIEKINSTRUMENTE** en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — **DRAADLOOSTOESTELLE**
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, **VERKYKERS**, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings: (Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag. Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

Vars Gesertifiseerde Australiese bruin Uiesaad teen 9/- Chantenay Wortelsaad 6/6, Detroit Beetsaad 5/6 per lb. Vra om volledige pryslys van Premier Saadkwekers, Pk. Schoemanshoek, 8/3/T.K.

UIESAAD: Goewermments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Australiese Bruin Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte 16/10/- per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6/6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHARWONDER die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurloos, 5/- per bottel, geld met bestelling. —Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis. Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.

(Nr. 3) 1/9/49

MARK AGENTE

MARK AGENTE. — Kamerade aandaag. As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos daren julle produkte so af en toe deel, of hoe? Merk alles U. S. Bellingan, U.T.H. Die Spoorweë verkies dit so. 5/4/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse Babawaentiles, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tappte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSEMEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

TE KOOP

Motorkar te koop. —1948-Skoda. Gekoop Maartmaand, 1949. So goed as nuut. Slees 12,000 myl gedoen. £300 of naaste aanbod. Skryf aan Posbus 1411 of telefoneer 3-0881, Kaapstad.

KAAS

Goeie kwaliteit gouda kaas direk van fabriek, in een en twee pond groottes teen 1/7 per pond. Pos of Spoorvrag ekstra. S. P. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad. 12/4/2B

RAMME

Veldgeteelde gladdelyf merino ramme, sulver Pepler bloed, 2, 4 en 6 tande, ses maande wol sterk en goeie kwaliteit. Bekwaam en gesond. Prys £7/10/- stuk. S. P. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad. 12/4/2B

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435

ONGELYKE MATE BINNE EEN VOLK

Soos Ons Lesers Dit Sien

Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:

Dit word my ten kwade geui dat my menings in die pers gelug word; dit sou dan beter wees as ministeriële aandaag daarop gevestig word. Ek het al die ondervinding opgedoen dat my brief aan my ministeriële vader — nywerheid — deurgestuurd word na die ministeriële vader van my werknemers, wie dan net dié feit erken.

As ons weet waar ministerieel misgetas was, i.v.m. loonwaardes, maatskaplike ordes, desentralisering, segregasie of apartheid en in ander ekonomiese opsigte, dan is dit m.i. beter om volksaandaag in plaas van partybelang te erlang of wakker te skud. Ek het byvoorbeeld nog nooit gehoor of gelees dat op die volgende aandaag gevestig is nie:

SPOORVRAG

(1) Dat Spoorvervoer na die hawestede teen die vier laagste (en spesiale) tariewe geskied terwyl die binneland merendeel teen die vier hoogste moet opdok en dat die binneland die

Spoorweë dra. Die publiek kry uit die weeklikse ontvangsopgawes net die goedere-vervoersyfer in geheel, hoewel dit nie meer as bilik sou wees as iedere tarief apart vermeld word. Die armste van die binneland val onder tariewe 1 tot 4 en die rykste van die kusstede uitsluitend onder die klomp laagste en spesiale tariewe. Die verhouding is sover dit my dorp aangaan 3/3½ tot 6/7 per 100 pd. en sowat 6d. tot 1/- per 100 pd. (by laasgenoemde moet nog die 10% vragtoename gevoeg word. Vir u informasie, mnr. redakteur, is die styging 44% sedert 1945).

LONE VERSKIL

(2) Weet die publiek dat die Departement van Statistiek net die lewensduurte van die nege groot stede vasstel, dat elk in basiese loon verskil en dat die lewensduurtetoelag vir almal dieselfde is. Dit ten opsigte van sekere bedrywe, een waarvan nou weer wil hê dat binnelandse nywerheids bewys moet lewer waarom hulle loon nie gelyk met die van die volgende hoër loongebied moet staan nie, hoewel in ander bedrywe die loongebiedsgroeperings anders saamgestel is. En die verantwoordelike ministerie praat nou van aanmoedigingslone.

IMMIGRASIE

(3) Eie volksbelang geniet in ander opsig ook geen behartiging. Dit word gesê dat blanke behoud geleë is in getalle — immigrasie. Dit is waar, maar nie ten koste van die volksgenote nie. Wie vergeet die September-1949-aanbod aan Suid-Europeërs om hier plaaswerkers te word teen £16 per maand, plus woon- en ander geriewe. Is 'n gelyke aanbod ooit aan die eie volk gedaan?

(4) Ek dink onwillekeurig aan 1939 toe op my dorp nie minder as 154 blanke gesinne was met 'n gemiddelde inkomste van £6 per maand per gesin — mense wat geduldig en gedwee wag op die belofde maatskaplike beplanning en versekering van die twee partye. Volgens wetgewing-by-regulasie is hulle sedert Mei 1942 uitgesluit van lewensduurtetoelag omdat plaaswerkers en huisbediendes nie onder enige van die loonwette val nie.

ARMBLANKES

(5) In 1910 was daar 'n uitstalling van natuurelhandewerk in Kaapstad. Die dominee wat sedert ver-en-gou-gery het, het dit bygewoon, ek ook. Die kunstigheid het die bewondering van die dominee weggedra, maar ook sy besorgdheid oor die feit dat sy mense wat uitgesak het nie eens die eenvoudigste Westerse kultuurvoorwerpe kon naboots nie. Die menings van die lesers was dat die verarmde blankes die uitsifsels is van die stryd om die bestaan. Sedert het die Kerk en filantropiese verenigings voortgesukkel, eers met 50,000 veragterdes voor 1910 en later met 300,000, en hulle (Kerk en filantropie) is verheug oor die feit dat die blankes wat wag op „Social Security” en maatskaplike beplanning van die partye in die swakkere woonbuurtes van stede gaan woon in die hoop dat hulle kinders en kinds-kindere die bestaansleer sal kan bestyg.

PLIG VERSUIM

(6) Toe die 1944-Kongres van die Kamers van Koophandel hom besig hou met die „Social

Security”, immigrasie en hoër loon aan natuurel kon ek die afgevaardigdes attent maak dat die Handel sy plig teen die blankes en nie-blankes van ons land versuim het, onder andere dat had hulle die natuurel se handewerk in 1910 geïndustrialiseer en gekommersialiseer sou ons die Asiatische lande kon geweer het in hul uitvoer van kultuurgoedere. 'n Jaar na genoemde Kongres kry ons wetgewing wat stads- en dorpsbestuure gelas om natuurelwonings te voorsien. (Geen dwangbou t.o.v. blankes (en Kleurlinge) nie.) Wetgewing wat natuurel uitnodig om hulle statte te verlaat en in ons ekonomie konkurere in te dring.

AFHANKLIK

By besluit nog net dit. Gebrekkige loonbeheer, 'n opvoedingstelsel sonder rigtings, sentralisering, tweërlei werktolatingsouderdom en skoolverlatingsstander is te wyte aan die feit dat ons ou-bevolking, wat nie vir 2% die baas- en bestuurskap van nywerheidsondernemings voer nie, afhanklik was en is aan die voorligting van Vakbonde en Nywerheidsversoeningsbeheerrade. Ons groot geluk is daarin geleë dat ons mense wat hulle geld nie in nywerhede steek nie, dit belê in voogdy- en finansieringsmaatskappye; die geld vloei in simpatieke rigting, ongelukkig merendeels in handelsrigting — 'n skynbaar maklike rigting want almal floreer. Ons handel is nie sentimenteel nie, altans nie in soverre Suid-Afrikaanse nywerheidsbelange aangaan nie. Suid-Afrika-Eerste is geleë in Industrie en gelyke mate wat die bevolking aangaan.

Plofkoeëls Van Engelse

Kapt. Henri Slegtkamp, Middelburg, Tvl., skryf:

Nadat ek die berig in Die O.B. gelees het aangaande die loodpuntoekel wat uit mnr. J. Erasmus se been verwyder is op 86-jarige leeftyd, het ek gedink dat dit tog algemeen bekend was dat die Engelse plofkoeëls gebruik het. Ek het naamlik drie verskillende soorte plofkoeëls by krygsgevangenes gebuit. Die een was die egte loodpuntoekel; dan was daar 'n staalkoeël met 'n hol punt — ek wou nie daarin vroetel nie uit vrees dat dit sou ontplof, en het dit toe maar weer op die vyand gebruik — en ten slotte was daar die staalkoeël wat oorlangs met insnydings in vier stukke verdeel is sodat hy by aanraking oopbars.

In my heup sit nog 'n koeël wat in Junie 1900 by Lindley as 'n present van die Engelman in my heup geskiet is. Hy is vandag 'n bietjie handig, want ek voel wanneer die weer verander.

Bedekte Seën

„Invoerbeheer kan 'n bedekte seën vir ons land wees indien dit so toegepas word dat dit die uitbreiding van ons eie nywerhede 'n groot stoot vorentoe gee en ons minder afhanklik van invoer maak” — (Volksraad).

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

ONS VRA U MEDEWERKING
Versoek aan ons Lesers

Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van Die O.B. Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!

Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week Die O.B. sal wil ontvang.

Wie is hulle?

Almal wat Republikeine is.

Almal wat na ware Volkseenheid strewe.

Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.

Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.

Sal u nie as skakel dien tussen hulle en Die O.B. nie?

Wat moet u doen?

Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.

Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 12 APRIL 1950

Die Rol Van Die Kind In Ons Geskiedenis

DIE PENKOPPE

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, wat geduur het van 11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902, het daar duisende jong seuns, tussen 16 en 18 jaar, uit vrye wil by die Boeremagte aangesluit. Vir geen oomblik het hierdie jong republikeine daaraan getwyfel dat dit hulle plig is om hulle lot in te werp by dié van die Boere nie.

Die gevare wat hulle sal moet deurmaak, het hulle terdeë besef. Nogtans het dit hul nie hul moed ontnem nie.

Dit was nie net seuns van ses-tien jaar en ouer wat aangesluit het nie, nee, selfs seuntjies van 10, 11 en veertien jaar het gehoor gegee aan die roepstem van hulle land. Dit is dan ook hierdie jong helde-leër wat bekend gestaan het as die Penkoppe. Hulle wou hulle eenvoudig nie laat keer nie, en party het selfs weggegaan van hulle ouerhuise om hulle deeltjie by te dra.

Dit is bekend hoe dapper hierdie Penkoppe hulle op die slagveld gedra het en hoe hulle nooit die grootste gevare ontsien het

Verlore Goedere

Verlede week het ons 'n lys van goed in DIE BOEREJEUG geplaas. Skryf asseblief dadelik aan ons as daar van jou goed by is. Sluit 1/- se posseëls by jou brief in, anders kan ons dit nie afstuur nie.

nie. Die ouere burgers moes die jongspan maar net altyd maan tot versigtigheid. By die gevegte om Ladysmith, Natal, was daar 'n klomp Penkoppe wat eenvoudig nie bang wou word nie. Die Boere is op 'n koppie en skiet vanuit agter groot rotse op die Engelse wat aangestorm kom om hulle te verdryf. Later was die Engelse so naby dat selfs die bevel van hulle offisiere deur die Boere gehoor kon word. 'n Klompie Penkoppe spring toe agter die rotse uit en staan openlik en skiet. Selfs die ouere manne se „Kom af en skuil, julle word platgeskiet”, het hul nie gekeer nie.

Baie interessante vertellings vind ons in die boek „Ek Rebel-leer!” wat geskryf is deur 'n oud-penkop, wat aan ons almal baie goed bekend is — ons A.K.G., J. A. Smith. Hy self was maar 14 jaar oud toe hy van sy ouers se huis weggegaan het om by die Boere aan te sluit. Dit was laat in die aand en hy en sy paar maats moes sommer al die heel eerste aand onder die geweeruur van die Kakiewagte deurloop. Hulle het egter daarin geslaag om uit te kom na 'n hele paar ander voorvalletjies.

Ons moet besef dat hierdie paar maats baie meer gewaag het as die ander Penkoppe. Hulle was Kolonialers en kon dus baie swaar gestraf word weens hoogverraad, aangesien die Ko-

lonie nie saam met die Republiek teen Engeland geveg het nie.

'n Paar dae later het ons vriende by die kommando van komdt. Gideon Scheepers aangesluit. Komdt. Scheepers self was maar 22 jaar oud en sy adjutant, Kareltjie Lehmkuhl, slegs 16 jaar oud.

Genl. Smith vertel verder hoe hulle saam met die kommando getrek het. Laat een nag kon jy nog die hoewegeklap van hul kommando hoor. Hy was reeds baie moeg en vaak toe hulle deur 'n driffie gaan. Nog voordat hy weet wat gebeur het, lê hy en sy perd albei plat in die riviertjie. Verskrik en skaam spring hy op en hoor een van die Boere agter hom sê: „Maar kyk hoe val so 'n nuwe aansluit. Hy sit mos en slaap!”

So het hulle soms baie moeilike tye deurgemaak. Gevegte vir lewe en dood, die bitter koue in die winter nagte, en so meer.

Hier volg 'n brief van genl. Smith aan sy ouers. Ons gee dit in sy eie woorde weer:

„Lieve Ouders,

Ik ben nog gezond en ek hoop hetzelfde van u te hooren. Kommando leven ben ik al gewoond en vecht vlytig. Moeder, bekommerd u niet over my —, niets is my te zwaar. Ik ben voorzien van alle oorlogstuig en myn paarden zyn vet. Ons was al 6 uren (te perd — Red.) van Kaapstad, in die dorpen Hopefield, Darling, Moeresburg. Ik ben haastig daarom zal ik maar eindig met zingend kussen aan allen.

Ik ben
u zoon

Johannes.

Oudeplaats
14 Maart 1902.”

Aan die einde van sy boek skryf genl. Smith: „Alles behalwe ons klere en komberse is ons ontnem en na ses weke is ons in kooltrokke na ons verskillende distrikte gestuur met die waarskuwing dat ons by ons aankoms daar by die magistraat moet aanmeld.

Met niks meer as 'n dokument met die volgende inhoud in my sak, het ek na 12 maande by my ouers aangekom:

„This is to certify that Johannes Smith, a scholar of Aberdeen, son of Johannes A. Smith, residing at Aberdeen, has been tried by me for the Crime of High Treason and convicted of the said crime by me on the 3rd July, 1902.

(Get.) Lancelot Harison.
Resident Magistrate,
Cradock.”

Ek het teruggekeer en alleen skuldig gevoel dat ek my ouers soveel bekommernis veroorsaak het. In liefde het hulle my verwelkom.”

Ten slotte net dit; alhoewel hoogverraad met die dood gestraf word, is hulle begenadig en in plaas van die doodstraf is hulle kiesreg hulle lewenslang ontnem.

(Aanstaande week „Die Konsentrasiekamp-kindere.”)

KLEINGOED SE HOEKIE

Posbus 1411,
Kaapstad.

12 Maart 1950.

Beste Kleingood,

Ons is baie jammer dat ons julle so afgeskeep het. Julle het seker al gewonder waarom julle storie nog nie in ons blad was nie. Moet egter nie moed verloor nie — dit kom nog!

Volgende week verskyn julle storie en ook die briefies wat maatjies gestuur het.

Boerejeug-groete,
Omie.

WEES WAKKER

Deur Mej. E. STRASSBERGER.

Boerejeug moet wakker wees. Trou van hart en trots van gees. Trots, op voorgeslagte waard, Trots op Afrikaner-aard. Dink net aan ons Boere-helde Ver op wye oorlogsvelde, Hard in stryd teen vyandshand Vir die vryheid van hul land. Boerejeug moet wakker wees, Trou van hart en trots van gees.

VERJAARDAG-KETTING

APRIL

- 6 Rynie Basson, Wellington.
- Anna Posthumus, P.K. Indwe.
- Susanna Kotze, Zeerust.
- Jeanne Grobelaar, Fauresmith.
- 7 Gideon Slabber, Noorder Paarl.
- Estelle Pauw, Wellington.
- Johanna Coetzee, Bosbokrand.
- Martha Nortje, Koster.
- 8 Bessie Scheepers, P.K. Strydpoort.
- Hennie Durr, Malmesbury.
- Astrid Frankot, Stellenbosch.
- Jan Slippers, Kakamas.
- 9 Louisa Laubser, Stellenbosch.
- Elsa Welthagen, Mooiooi.
- 10 Ester Sharpe, Oudtshoorn.
- Hendrik Smit, Oudtshoorn.
- Nicolaas Smit, Bosbokrand.
- 12 Nicolaas Ferreira, Frankfort.
- Elsje van Wyk, Bultfontein.
- 14 Gielie Tredoux, Malmesbury.
- Pieter de Waal, Paarl.
- Maria Koekemoer, P.K. La Motte.
- Frans Lotz, Frankfort.
- 15 Cornelia Pieterse, Vryburg.
- Susanna Els, Vryburg.
- Daniel Smit, Oudtshoorn.
- Muriel Lourens, Paarl.
- 16 Magrieta Basson, Kwaggafontein.
- 17 Elizabeth Reyneke, Cedarville.
- Willie Erasmus, Mooiooi.
- 18 Albertus Viljoen, Suider Paarl.
- Manna Viljoen, Suider Paarl.

Britte Meer Oor Handel Besorg As Wêreldveiligheid

Brittanje is die afgelope week deur Amerikaanse wetgewers kwaai oor die kole gehaal weens sy handelsbeleid ten opsigte van Kommunistiese lande. Op die vergadering van die betrokke senaatskomitee het senatore geweier om geldelike hulp aan Brittanje vir militêre doeleindes te verleen solank Brittanje voortgaan om oorlogstuig aan kommunistiese lande te verkoop. Amptenare is vir twee uur lank deur lede van die komitee onder kruisverhoor geneem oor die vraag waarom Amerika vliegtuie en onderdele van vliegtuie na Brittanje moet stuur in die stryd teen Kommunisme as Brittanje vliegtuie en onderdele van vliegtuie aan kommunistiese regerings stuur.

Die vergadering is uiteen nadat die komitee hom ontevrede met die amptelike verduidelikings verklaar het.

Tydens die sitting van die senaat later in die dag het senator Knowland gesê dat dit hoog tyd is dat die Britse regering moet besluit of hy werklik belang daarin stel om die Kommunisme te stuit in sy omarming van die wêreld. „Die tyd is lankal verby dat Brittanje hom kan beroep op Amerikaanse ekonomiese en militêre hulp kragtens die Atlantiese Verdrag terwyl daardie land terselfdertyd die hande van die Kommuniste in Asië sterk, het hy gesê.

Die onmiddellike aanleiding vir hierdie Amerikaanse uitbarsting is die feit dat 71 Amerikaansvervaardigde vliegtuie aan die Sjiniese Kommuniste verskaf is tesame met 'n groot hoeveelheid onderdele. Brittanje se erkenning van die

rooi Sjiniese bewind, ter beveiliging van sy handelsbelange bring vanself mee dat die Britte nie te kieskeurig is ten opsigte van hul handelsware nie.

Doen Baie Vir Naturelle Sê V.V.O.-Man

„Toe ek sien wat alles vir die naturelle gedoen is, het die vraag by my ontstaan hoe dit vir so 'n klein deel van die bevolking moontlik kan wees om soveel vir so baie mense te doen”, het mnr. Norris E. Dodd, Direkteur-generaal van die Verenigde Volke se Organisasie vir Voedsel en Landbou, op 'n perskonferensie gesê.

Mnr. Dodd het die indrukke weergegee wat hy in die afgelope twee weke op 'n rondreis deur die Unie gedoen het. Hy het drie dae in die naturelle gebiede van Natal en Oos-Kaapland deurgebring, waar hy gesien het wat gedoen word om die grond te bewaar, om beter boerderymetodes in te voer, om die naturelle te leer om hulle te voed.

„Dit het my verbaas om te sien dat julle so 'n groot deel van jul volksinkome aan die bevordering van die naturelle se belange bestee. Dit is nie algemeen bekend hoe baie Suid-Afrika vir die naturelle doen nie. Julle het die volste reg om trots te wees op wat julle doen.”



ROOK

Kommando

Die Vriendelike Sigaret

G1 3006

• WAARDE

• KWALITEIT

• VERSKEIDENHEID

DAMES-,
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

UNIEWINKELS

— Beperk —

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

BOER SE PATENT LAAT MOTORS BAIE GOEDKOPER LOOP

'n Uitvinding van 'n Afrikaner, mnr. T. de Witt van Heilbron, wat motors op kragparaffien laat loop sal eersdaags op die mark kom as reëlings wat tans getref word vir die produksie op 'n handelsgrondslag daarvoo voltooi is. Die plan is, na berig word, om die apparaat ook te vervaardig met die oog op uitvoer na die buiteland.

Die uitvinder meen dat hierdie apparaat 'n motor in staat stel om teen minder as die helfte van die huidige koste te ry, aangesien dit meer myle op 'n gelling gee en kragparaffien die helfte goedkoper is as petrol.

Die uitvinding is onlangs op die Heilbronse tentoonstelling vertoon en het groot belangstelling gaande gemaak. 'n Ingenieur wat dit ondersoek het, het sy verrassing uitgespreek oor die klein hoeveelheid koolstof wat gevorm word — een van die grootste besware teen die gebruik van paraffien.

Die patent wat op die beginsel werk dat die kragparaffien verhit moet word voordat dit in die enjin ontplof, kan teen ongeveer £30 verskakel word. Die warm gasse van die uitlaatpyp word gebruik om die verhitting te bewerkstellig.

Die gebruik van petrol sal egter nie heeltemal uitgeskakel word nie aangesien die enjin op petrol aangeskakel moet word en dat daar dan na verloop van 10 en 15 minute na kragparaffien oorgeskakel word.

GEEN SLEGTE GEVOLGE

Solank die enjin warm is, kan hy direk met paraffien aangeskakel word. Dit duur ongeveer 'n kwartier vir die enjin om af te koel nadat hy afgeskakel is en gedurende hierdie tydperk kan hy dus direk op paraffien aangeskakel word.

Die gebruik van kragparaffien laat geen oormatige koolstofaanpaksel in die enjin vorm nie en die olie wat in die enjin gebruik word, word nie oormatig verdun as gevolg daarvan nie. Die uitvinder kan teweens, volgens toets wat die vennote deur 'n Johannesburgse firma laat uitvoer het, geen verdunning hoegenaamd vasstel nie.

Die vennote meld ook dat met kragparaffien ses myl per gelling meer as met petrol behaal word.

DEUR WET VERBOD

Toestemming word nou gesoek om die patent aan enige motorvoertuig te laat aanbring.

Volgens wet mag kragparaffien in ontbrandingsenjins alleen vir landbou- en nywerheidsmasjienerie gebruik word en nie in voertuie wat op die paaie beweeg nie.

Die patent is ook aangebring op die enjin van 'n trekker wat gebou is om met petrol te loop.

'n Ingenieur het verklaar dat om petroleenjins met kragparaffien, wat baie goedkoper sal wees, te laat loop is niks nuuts nie en in Amerika is daar meer as veertig sulke patente wat egter nie heeltemal geslaagd was nie. Volgens hom is daar met hierdie patent skynbaar in geslaag om die korrekte verhitting van die paraffien te bereik, wat totale ontbranding tot gevolg het.

MAAK KLAAR OM DUITSE PARLEMENT OOR TE NEEM

Oornam van die Wes-Duitse regering deur die ondergrondse nasionale politieke organisasie bekend as die „Brudersschaft“ in die winter van 1952-53 „wanneer die huidige parlementêre stelsel in Duitsland tot 'n val sal kom“, is op 'n geheime konferensie in Düsseldorf voorspel deur Alfred Frankeke-Grieksch, volgens 'n berig in die Engelse pers.

Frankske-Grieksch sou voorts gesê het dat die tyd ryp is vir 'n wyere ontwikkeling van die Brudersschaft en vir 'n rol soortgelyk aan dié van die Stahlhelm na die eerste wêreldoorlog.

Die Brudersschaft bestaan hoofsaaklik uit oudsoldate en offisiere en die organisasie het in krygsgevangenekampe reeds tydens die oorlog ontstaan, het hy gesê. Dit bevat manne van erkende bekwaamheid wat te geleentheid beheer sal oorneem van elke afdeling van die Duitse administrasie.

Die organisasie sal in die toekomstige boeke en vlugskrifte uitgegee om sy ideale te stel op 'n wyse wat dit nie in botsing met

„Bonn-L.V.'s het die skyf geword van spottende Nazi's en gesowjetiseerde Duitsers, en 'n teleurstelling vir die gewone eerlike, hardwerkende Duitser wat na hulle opsien om duidelike leiding en 'n middeveg tussen Kommunisme en 'n ander Hitler. Tydens 'n onlangse dooierige debat in Bonn het verskeie L.V.'s rustig gesnork. Skielik is die raadsaal in spanning gebring deur die gelui van 'n wekker in een van die slapende lede se boektas.

„Kollegas het hom gestamp en gevra: „Het jy 'n bom daarin? Deur die slaap het hy die tas gevat en 'n groot blou wekker wat skel gelui

het, uitgehaal en afgesluit en toe uit die saal gestap.”

MEER BEDAGSAAM

Die enigste eienaardigheid in verband met die voorval is dat die Duitser die bedagsaamheid gehad het om 'n wekker saam te neem.

Die artikel gaan voort: „'n Struikelblok vir diegene wat probeer om die debatte te volg, is die afwesigheid van enige amptelike aantekeninge van wat aangaan. Bonn het geen Hansard nie en meeste koerante in Duitsland plaas weinig meer as 'n paar reëls parlamentsnuus. Hul lesers stel nie belang nie.”

WERKLIKHEIDSIN

Ook dit kan nie beskou word as 'n Duitse eienaardigheid nie, behalwe dat die Duitse pers 'n groter werklikheidsin aan die dag lê as die Suid-Afrikaanse.

Die artikel kla dan oor die gebrek aan bespreking van ernstige vraagstukke. „In die aangesig van groeiende werkloosheid verkies die regering om minder lastige sake te bespreek soos die vraag of die groot glas-potte met blomme van Bonn se moderne gange verfraai, gekoop is as oudhede teen fantastiese pryse. In hierdie geval was

die antwoord op die Sosialistiese beskuldiging van spandabelheid dat dit asyn-karba's is wat deur die regering gekoop is teen 4/- elk.

PROBEER WAKKER BLY

Maar vir die hoofpyne wat hierdie vraagstukke skep, word gesorg. Bonn het sy inwonende dokter — 'n mediese student wat gedurende 'n uitputtende debat 'n halfpound hoofpynpoelers uitdeel.

„Diegene wat dit moeilik vind om wakker te bly, ontvang „pervidin-tablette.“ Hulle is dieselfde as benzedrine en is deur Duitse valskermtroepe en bomwerperbemannings gebruik om hulle in staat te stel om vir lang tydperke bedrywig te bly. „Te oordeel na die pil-omset is Bonn se vraagstukke aan die styg. Die verbruik van „wakker-bly-tablette“ het in die afgelope twee maande verdubbel.” Aldus die artikel.

Selfs hierdie laasgenoemde eienaardigheid is net eienaardig in sover Duitse parlamentslede pogings aanwend om deur middel van pille wakker en teenwoordig te bly. In parlamente wat die Britse patroon volg, word vir die doel „party-swepe“ gebruik in plaas van pille.

„Rembrandt is my eie!”

sê

Mnr. W.J. du TOIT

bekende tabakboer van
NOOITGEDACHT
RUSTENBURG



„Omdat Rembrandt net een sigaret vervaardig en alleenlik die room van die oes deur ons Boere gekweek, gebruik, daarom rook ek net Rembrandt . . . iets wat ek as my eie beskou.”

W.J. du Toit

ROOI VIR KURK
GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER



Die Rembrandt-korporasie maak net EEN soort sigaret—die room van die oes gaan daarin. Die Rembrandt-naamtekening op elke sigaret is u waarborg van kwaliteit. Let daarop!



Rembrandt
Elke Sigaret 'n Meesterstuk.

VLIEGENDE PIERINGS IS MILITÊRE GEHEIM SÊ RADIO-MAN

Die verskynsel van „vlieënde pierings“ wat 'n tyd gelede soveel opspraak in Amerika verwek het, het na 'n tydperk van rus kort gelede weer opgeflikker in die nuus. Baie mense het verklaar dat hulle die voorwerpe in die jongste tyd weer gesien het. Die vermoede dat daar werklik sulke dinge bestaan en dat dit 'n militêre geheim is, is versterk deur twee uitlatings.

Die eerste was van 'n voormalige minister van Mussolini wat in 'n Italiaanse koerant geskryf het dat suke vlieënde voorwerpe reeds in die proefstadium tydens die oorlog was en dat die Spilmoondhede van voorneme was om dit te gebruik was dit nie dat die einde so gou gekom het nie.

Verlede week het die radio-kommentator, Henry Taylor, oor die Amerikaanse draadloos verklaar dat die vlieënde pierings Amerikaanse skeppings is waarmee proefnemings gedoen word, en dat dit as 'n groot geheim bewaar word.

Daar is twee soorte, het hy gesê. Die een is 'n disk wat tot 'n hoogte van 30,000 voet deur die ligruim swiep en dan tot 1,000 voet val en uitmekaar spat. Die grootte van die diske varieer van 20 duim tot 250 voet in deursnee.

„WONDERLIK“

Dan is daar die „Vlieënde Spook“, XF 50 — 'n spuit-aangedrewe vliegtuig waarmee die vloot besig is om proefnemings uit te voer — wat deur baie mense aangesien is vir vlieënde pierings. Hierdie vliegtuig is rond en sonder vlerke en in staat om teen 'n fantastiese snelheid te vlieg, aldus Taylor, wat daaraan toegevoeg het: „Die piering-onderneming is reeds deur verskillende stadiums van ontwikkeling. Dit het sy hoogtepunt in openbare waarneming bereik in Julie 1947, in Januarie 1948 en nou weer.

„Ek weet vir watter doel hierdie vlieënde pierings gebruik word — baie belangrik en wonderlik. Maar dit is 'n militêre geheim van die Verenigde State. Sodra die betrokke militêre owerheid bereid is om die inligting beskikbaar te stel, sal dit 'n plesier wees om julle die hele verhaal te vertel, aangesien dit goeie nuus is — wonderlik vir ons land.”

Intussen het 'n segsman van die vloot-departement ontken dat die vloot enige dergelike proefnemings onderneem het of oor 'n sogenaamde „XF-15“ beskik.

In 1949 het 'n kommissie ondersoek ingestel na die verskynsel van vlieënde pierings en bevind dat dit toegeskryf moet word aan (1) wanvoorstellings ten opsigte van bekende voorwerpe; (2) 'n geval van massahisterie en (3) geksekerdery.

Die feit dat daar ook al in ander lande deur mense berig is dat hulle vlieënde pierings gesien het en daar selfs twee gevalle voorgekom het waar mense beweer het dat hulle klein mensies in die „pierings“ gesien het, moet 'n aanduiding wees dat die kommissie die bal nie te ver misgeslaan het nie.

Aan die ander kant word van militêre kant erken dat die Duitsers reeds so vroeg as die Spaanse burgeroorlog gebruik gemaak het van sirkelvormige projektele met 'n lading plofstof in die middel wat aangedryf is deur vier motore aan die kant. Daar word beweer dat hulle teen die einde van die afgelope oorlog op hierdie uitvinding verbeter het deur die diske van spuitmotore te voorsien.